



trinitas

1 Verlos

Baie welkom by Trinitas!

Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.

Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

SONDAG, 25 FEBRUARIE 2018

Ons gemeente vier vandag die sakrament van die Heilige Nagmaal. Almal wat by die kerkraad aansoek gedoen het om as besoekers saam Nagmaal te vier, is hartlik welkom, tensy die teendeel persoonlik aan u meegedeel is.

OGGEND 09:00

CHRISTUS IS DIE FONDAMENT VIR ONS YWERIGE GELOOF EN HOOP WAT VOLHARD

Skriflesing: Hebreërs 6

- Christus is die fondament van ons geloof
- Ons fondament dring ons tot 'n ywerige geloof
- Volhard in die hoop totdat die beloftes vervul word

AAND 19:00

CHRISTUS SE BEHEER OOR LEWE EN DOOD IS ONS VOLKOME TROOS

Skriflesing: Johannes 19 & Sondag 1

- Christus is volkome in beheer van selfs sy eie lewe
- Christus is ook in beheer van ons lewens
- Ons word getroos deur die Nagmaal

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag, 27 Februarie

Bybelstudie 18:30

Woensdag, 28 Februarie

Bybelstudie 09:00

Vrydag, 2 Maart

Manne-oggend 05:30

Saterdag, 3 Maart

Sustersaamtrek

SONDAGAANDE: 1E KWARTAAL

Datum	Geleentheid
25 Februarie	Nagmaal 19:00



 facebook.com/GKTrinitas



SIMBOLIEK VAN DIE TRINITAS LOGO



Ons gemeente gebruik nou al 'n paar jaar lank 'n nuwe logo om onself te identifiseer. Hierdie logo is oral sigbaar (voor die kerkgebou, nuusbrieff, webtuiste, kanselkleed ens). Dit is dus gepas dat ons weer kyk wat die simboliek agter die Trinitas Logo beteken. Die logo bestaan uit 'n simbool van drie mense, in drie verskillende kleure, wat saam 'n eenheid vorm. Aangesien ons vertrekpunt en identiteit altyd in God self lê, verwys die basiese gedagte van die drie mense eerstens, net soos ons gemeente se naam, na die Drie-Eenheid van God. Die kleure verwys na die verskeidenheid binne die eenheid, soos die drie persone van God verskillend is en tog ook een is. Net soos die drie mense wil ons as gemeente ook saamstaan as 'n eenheid – verskillende mense wat saamwerk met oop hande uitgestrek na Bo. So is dit dan ook simbolies van ons identiteit: 'n verlose (die kruisvormige figuur), familie wat saamstaan en ons deel doen, en so oop is om die Drie-Eenheid aan die wêreld te wys. Mag ons elke keer as ons hierdie simboliek sien, herinner word oor Wie alles gaan en dat ons dit ook so moet beliggaam.

Familie

LIEF EN LEED

- Jan Swanepoel 📞 0828422592 is in Emf. Medi-Clinic opgeneem.

- Lynette Roelofse ☎0169311591 sterk tuis aan na haar handoperasie. Sy verduur wel pyn.
- Ons vra ook voorbidding vir dr. Frans Minnie (berader by ons) en sy gesin. Sy seun, Otto is met kolonkanker gediagnoseer.
- Toekie van Wyk ☎0725496161 het tans geelsug.
- Rina Vorster ☎016 981 8624 gaan op 1 Maart vir knieervanging .
- Amanda Jansen van Vuuren ☎0724102940 se angiogram uitslag was gunstig.

Ons bid vir alle ander lidmate wat met siekte en swakheid worstel.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

25/02	Jean Bosman	☎0810182439
25/02	Lizel van zyl	☎0797835292
25/02	Henning Vorster	☎0832640387
25/02	Jannie Vorster	☎0828805570
26/02	Sonette Engelbrecht	☎0828525064
26/02	Barco Greeff	☎0169321419
26/02	Stephan Nel	☎0834651735
28/02	Rineke Visser	☎0718778260
29/02	Irene Swanepoel	☎0829237725
02/03	Anna-Ryna de Klerk	☎0834152085
01/03	Fourie du Plessis	☎0724605214
01/03	Avion vd Westhuizen	☎0837853242
01/03	Wico Vorster	☎0833025496
02/03	Lorette Pieters	☎0825654295
03/03	Tania Viljoen	☎0845215978

SPESIALE VERJAARSDAE
Geen.

HUWELIKSHERDENKINGS

Geen.

SPESIALE VERJAARSDAE (80 jaar en ouer) en HERDENKINGS (50 jaar plus)

Die gemeente sing Sondag 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besonderse mylpale te bereik.

NUWE LIDMATE

Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en vul asb. die 'Nuwe lidmaatvorm' by hom in.

BYBELSTUDIES

Dinsdae om 18:30. Stinkhoutsingel 18 (Christa Snyman ☎0798779882).

Dinsdae om 19:00.

Woensdae om 09:00 by die kerkgebou. (tensy anders per SMS gekommunikeer)

TEESKINK

Vanoggend is daar geen tee nie. Sondag, 4 Maart skink die Lotuslanders tee. Harriet Labuschagne ☎0833047499 is die sameroeper van die diensgroep.

VERJAARSDAGTEE

Die volgende verjaarsdagtee vind op Sondag, 6 Mei plaas. Gasvryheid-diensgroep.

FAMILIE-ETE VANDAG

Die familie-ete begin om 12:00 by die kerk vir almal wat kaartjies gekoop het. Bring jou gazebo, kampstoele, drinkgoed, poedingbakkies en –lepels, en vriende dan kuier ons weer lekker saam!

DR. FRANS MINNIE

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk slegs vir

lidmate van Gereformeerde gemeentes.
Kontak die Kerkkantoor vir afspraak.
Donasies kan inbetaal word by: FNB
Tjekrekening No: 621 843 512 04,
Takkode: 250-945.

3 Dienskneg

ORRELBEGELEIDING

09:00 – Nannes vd Walt

19:00 – Nannes vd Walt

OUDERLINGE AAN DIENS

Alfred Postma, Gert Visser

DIAKENS AAN DIENS

Rineke Visser, Warren Pile

KOSTER AAN DIENS

Elsa Prinsloo

KOLLEKTES

Onder die erediens vir Diakonale Kas

25/02 – Koningskinders

04/03 – SAVF Shelter

DATABORDDIENS

Behartig deur die Tegnieuse span.

GEHOORAPPARATE

Gehoorarparate kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.



JEUGBEDIENING

Sondae 10:00: Graad 1 – 6

Sondae 16:30: Graad 7 – 11

Bepanning van die eenheid wat behandel word vanaf Sondag, 28 Januarie.

Graad 1 – 3

EENHEID 1: VRIENDELIKHEID AAN DIE WERK!

Graad 4 – 6

EENHEID 1-3: WALK WITH JESUS **

Graad 7 – 9

LIFE AT SCHOOL **

Zooming in on you

Zooming in on everyone else

Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)

Dankbaarheid

*** Die graad 4 – 9 handleiding is tans slegs in Engels beskikbaar. Ons beoog om dit so gou as moontlik te vertaal.*

Alle jeugleiers werk so ver moontlik volgens die beplanning. Indien daar verandering is, sal dit deurgegee word. Sorg asb. dat u of u kind op die betrokke graad se WhatsApp groep is. U as ouer word versoek om aktief betrokke te wees by u kind se opdragte. Gebruik gerus die temas tydens gesinsbybelstudie. Die graad 11 jeug het 'n volledig uitgewerkte les-rooster, maar dit word nie geplaas nie, aangesien hulle daarvan mag afwyk. Dit word wel goed gekommunikeer op hulle WhatsApp groep.

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING

Kinders vanaf 2-9 jaar is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Die kinders word in drie groepe verdeel en begelei. Ons versoek dat ouers van 2-3 jariges asseblief die klas saam met hul kinders moet bywoon indien moontlik. **Ons benodig meer mense om te help!** Enige persoon wat graag hier wil dien, kan na die erediens voor in die kerkgebou met

Petra Tromp kom gesels. Kontak gerus ook vir Petra ☎0823316151 met enige verdere vrae en voorstelle.

MEDEWERKERS (ons het nog medewerkers nodig!)

Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerslyste is in

die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.



Doel van die diensgroep

- ✓ MW kan belydende manne of vroue wees wat die gawes, gewilligheid en tyd het om die ouderlinge in hul dienswerk van huisbesoek en die vestiging van kleingroepe onder medegelowiges in die gemeente by te staan
- ✓ MW neem nie die taak en rol van ouderlinge of diakens oor nie, maar werk saam met en onder toesig van die ouderlinge met die spesifieke gerigtheid op onderlinge geestelike versorging van lidmate in die gemeente
- ✓ MW word nie formeel in 'n spesifieke amp bevestig soos ouderlinge of diakens nie, woon nie Kerkraadsvergaderings by nie en het ook nie deel in die regeer-amp van ouderlinge nie

Medewerkers



Koördineerder:
Alan Brotherton

Tel: 083 468 5243
E-pos: alanbro@absamail.co.za

- ✓ MW sal terugvoer gee van die lidmate wat hy/sy besoek aan die ouderling van die betrokke wyk/kleingroep waarin daar diens verrig word
- ✓ Van MW sal slegs verwag word om na gelang van sy/haar kapasiteit lidmate te besoek (dit beteken in die praktyk dat daar sommige medewerkers mag wees met so min as een besoekpunt, terwyl ander dalk tien mag hê)

DIENSGROEPE

Agter in die saal, langs die welkomtoonbank, is daar plakkate met al Trinitas se huidige diensgroepe. Kontak gerus die sameroeper van die groep waarby jy geroepe voel om betrokke te raak.

SIEKEBESOEK DIENSGROEP

Indien jy belangstel, kontak vir James en Toetie Terblanche ☎0825723328, 0718721741 of 0169823565. Baie dankie aan almal wat so getrou siekebesoek doen.



DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakke of bejaarde lidmate, en vir enkelopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak Theuns Odendaal ☎0832561387.

KOSPAKKIE DIENSGROEP

Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy enige van die volgende items aankoop (**plaas dit in die groot houer in die saal**): Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfynt, melkpoeier, sout, pakkies sop, rys, blikkies gemengde groente, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, sjampoe, toiletseep, koekie Sunlight seep, toilet papier, tandepasta, tandeborsels en waslappes. Baie dankie. Gee gerus jou naam aan Jolani Lourens ☎0823359586 om te kom help pak.

VERSPREIDING VAN KLERE

Kontak Jan van der Westhuizen ☎0844890144 indien u wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang.

4 Gestuur

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS

Philip Snyman ☎0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of
Christa Snyman ☎0798779882.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR

Kontak: Gert Visser ☎0834491036
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no.
9055971748



Kontakpersoon:

Hardus Visser
☎0828215642

HERWINNING

Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om Hom ook so vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare items by die herwinningsarea af tydens kantoorure

of Sondag voor en na die eredienste. Daar is 'n werker wat dit uitsorteer.

Ons herwin ongelukkig nie algemene kombuis- en tuinafval, babadoeke, stukkende ruite, verfhouers of plastieksakke nie en vra dat dit asseblief nie by die herwinning afgegee sal word nie.

Maureen van Helden ☎0923922093.



BELANGRIKE DATUMS VIR FEBRUARIE

25 Feb. Nagmaal 19:00

GKSA NUUS

OP DIE KENNISGEWINGBORD

- Geopende Deure
- FEBA Nuus

Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.

KRUISPAD

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

VISITASIE AAN ONS GEMEENTE

Vir kennisname alle gemeentelede, ouderlinge en diakens: Op 8 Maart, 18:30 vind visitasie by ons gemeente plaas. Die visitatore is dr. Deon Lartz en ds. Paul Nel.

SUSTERSAAMTREK 2018

Sustersaamtrek vind volgende Saterdag plaas vir alle dames wat hul name deurgegee het.

Tyd: 08:30

Waar: Vegkop feesterrein

TRINITAS-BOEKHOEK

Neem gerus van die boeke agter in die saal om by die huis te lees en bring dit weer terug wanneer jy klaar is daarmee.
Franciska vd Merwe ☎0827818032.

KLEIN ADVERTENSIES

- Laerskool, graad 8 en graad 9 Wiskunde klasse. R150 per uur. Elizma Powell ☎0792904140.
- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop van tyd tot tyd hoenders en groente. Tans is daar groot Herbert pampoene te koop @R20 elk. Kontak hom gerus vir verdere pryse.
- Gerhard du Plessis ☎0658055245 benodig werk. (Nutsman, ongekwalifiseerde sweiser en 'boilermaker').
- Danie en Marietjie Potgieter ☎0729363360 / 0169331438 verkoop tuisgemaakte koeksisters @ R30 per dosyn.

- Algemene herstelwerk, kontak Renier ☎0748917646.

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za



GKTrinitas

Kerkkantoor: Elsabé Muller

☎0169825017 / 0724874258

Skriba: Gerrit van Wyk 0711032110

Koster: Elsa Prinsloo 0794778699

Afloskoster: Jan Swanepoel 0828422592

Orrelis: Nannes v.d. Walt 0833041841

Bankbesonderhede van kerk:

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas

ABSA Tjekrekening 530340449

Diakonie bankbesonderhede:

ABSA Tjekrekening 530340457

Predikant: Peter Venter

☎0797338778

peter@gktrinitas.co.za

NATUURLIKE KERKONTWIKKELING

Inspirerende aanbiddingsdiens

So dikwels word gebrekkige kerkgroei op die vorm van aanbidding blameer. Baie mense glo dat kerkgroei gewaarborg sal wees as 'n bepaalde aanbiddingsvorm aangeneem word.

Die vraag is nie of aanbidding op Christen of nie-Christen gefokus moet wees, of die aanbidding in die vorm van liturgie of meer vrylik moet wees, en of die taal formeel of meer informeel moet wees, nie. Die vraag is veel eerder of die geleentheid opbouend en inspirerend is. Mense wat inspirerende dienste bywoon, verklaar eenstemmig dat kerk "lekker" is. Hier is dit dan baie maklik om vinger te wys dat ons kerk "lekker" moet maak vir die mense. Dit is egter nie die fokus nie. Die sentrale doel van die aanbiddingsdiens is tot eer van God, nie die gemak of persoonlike voorkeur van die mens nie.

Hoekom woon jy die kerkdienste by? Om aan God of die predikant of jou gesin 'n guns te bewys? Of omdat dit werklik 'n geloofsopbouende ervaring is waar jy waarlik die Here in opregtheid kan aanbid as deel van die gemeenskap van die gelowiges?